## MONTANAPARK SELGROEP, WOENSDAG, 22 OKTOBER 2024

### EFESIËRS 6

### ONTHOU: JOU STRYD IS NIE TEEN MENSE NIE

Ons word elke dag gekonfronteer met situasies. Meeste van die tyd oorwin ons nie hierdie situasies nie, waarskynlik omdat ons nie behoorlik voorbereid is nie. Die Woord maan ons om ten volle voorbereid te wees teen die aanvalle van die duiwel, nie dié van mense nie. Ons het die verkeerde idee hieroor, totdat ons aangeval word en val, omdat ons die duiwel se aanvalle op 'n menslike manier beveg. Die wapenuitrusting is daar sodat ons die evangelie kan verdedig en staande kan bly.

**Daniël 10**

Hoe kragtig is die bose? So kragtig dat die engel wat gestuur was om Daniël te help, deur die vors van die koninkryk van die Perse vir 21 dae lank teengestaan is, en moes Mígael, een van die sterkste engele, kom om die engel te help. Die Satan doen alles in sy vermoë om te keer dat die engel vir Daniël sou inlig oor wat in die toekoms met Israel sou gebeur. Jou geloof en dit waarvoor jy staan word elke dag bedreig, en dit nie op 'n menslike vlak nie. Jou menslike wapens gaan niks uitrig nie.

**2 Korinthiërs 10**

Sien vers 3 en 4. Ons leef sagmoedig, maar ons het 'n stryd om te stry. Alhoewel ons as gewone mense leef, is ons stryd nie teen gewone mense nie. Ons stryd is nie vleeslik nie. Die stryd wat teen ons gevoer word is ter wille van die evangelie. Enige idee wat in stryd is met die waarheid van die evangelie kom nie van mense nie maar van die duiwel. Hy het die mens al so mislei dat ons dink dat ons nie 'n stryd het om te voer nie, of hoef te voer nie. Die wapens wat ons in die stryd gebruik is Goddelik en geestelik. Ons moet leer om dit reg te gebruik, anders gaan ons seerkry. Sien Hand 19:13-16 as 'n voorbeeld.

**Efesiërs 6:12**

Dit is nie net 'n eenvoudige meningsverskil nie. Dit is 'n worstelstryd tot die dood, nie teen mense nie, maar teen die bose magte. Die worstelstryd mag dalk deur mense opereer, maar dit begin nie by mense nie. Mense word bloot die kanaal waardeur die stryd kom. Waarom is daar 'n worstelstryd? Dit gaan oor die hart van die evangelie en die redding van mense, en die duiwel is gereed om ons hier te mislei. Hy wil nie hê jy of enige ander persoon moet gered word nie.

**Judas vers 3**

Ons moet kragtig stry vir die geloof – "stry" verwys na 'n tweegeveg. Geloof opereer in die geestelike domein en die stryd wat ons voer is geestelik. Hierdie is nie net 'n spel nie. Jy moet vir jou geloof stry en veg, anders gaan jy onder.

**Wat** moet ons doen? Ons moet weerstand bied.
**Wanneer** moet ons dit doen? In die dag van onheil.
**Wat** gebeur daarna? Ons moet staande bly.
**Hoe** moet ons staan? Ons moet voorbereid wees en vas staan met die wapenuitrusting vir die oorlog.

Dit is belangrik dat ons staande bly wanneer ons geloof en die waarheid van die evangelie aangeval word. Hierdie is ‘n worstelstryd. Dit is vir hierdie worstelstryd dat ons die wapenuitrusting nodig het. Kom ons kyk na die uitrusting:

| Deel van uitrusting | Pas by watter leidraad (bv. 1, d) | Leidrade |
|---|---|---|
| 1. Lendene | | a. verlossing |
| 2. Borswapen | | b. geloof |
| 3. Skoene | | c. waarheid |
| 4. Skild | | d. evangelie |
| 5. Helm | | e. Gees |
| 6. Swaard | | f. geregtigheid |

Terwyl ons in hierdie stryd is, moet ons in die Gees bid en waaksaam wees. Ons gebede is dikwels glad nie in die Gees nie, en ons bid heeltemal te min. Dikwels is ons gebed eenvoudig gewoonte en dit het geen krag nie. Ons moet in gebed volhard en aanhou bid (Eng. persevere). Sien 1 Thess 5:17. Volharding is een van die belangrikste dogmas (doktrines) in die Woord. Dit hou aan tot die dag van ons dood. Speel die spel tot in die 80ste minuut. Behou die bal. Baie wedstryde is al in die laaste sekondes gewen, en die teenstander het in die laaste sekondes verloor. Watter een is jy?

Vir Paulus gaan alles oor die verkondiging van die evangelie en die aanslag teen die waarheid van die liefde van God vir alle mense. Die aanval van die duiwel is gemik op ons geloof en dit is waarom ons dit met ‘n skild moet beskerm. Kyk mooi hoe Paulus dit beskryf. Vurige pyle is nie net pyle wat geskiet word nie maar hulle brand ten einde maksimum skade te veroorsaak. Dit is die verskillende valse leerstellinge oor die evangelie wat na ons toe afgevuur word. Voorbeelde hiervan is die volgende:

- Alle paaie lei na God en dus is geloof in Jesus Christus nie nodig nie (teenoor Johannes 14:6).
- Omdat God die mens liefhet gaan Hy in elk geval almal red (teenoor Romeine 6:23).
- Hy het nie uit die dood opgestaan nie (teenoor Matthéüs 28:6).
- Ek doen goeie goed (teenoor Romeine 3:12 en Efesiërs 2:8-9).
- Ek sondig nie (teenoor Romeine 3:23).

Ons moet hierdie vurige pyle (valse leringe) uitblus deur die skild van die geloof (ons kennis van die Woord). Die verskillende dele van die uitrusting werk saam om jou ten volle te beskerm:

1. Die **waarheid wat die lendene omgord** beskerm die sensitiewe dele van jou liggaam en is die waarheid van God se Woord wat ons teen die leuens van die duiwel beskerm.
2. Die **borswapen van die geregtigheid** beskerm ons hart (die setel van ons emosies) en is ons geregtigheid in Christus.
3. Die **skoene** is bedoel om die voete te beskerm op ons geestelike pad, waar ons is of gaan.
4. Die **skild van die geloof** beskerm ons teen die aanvalle (brandende pyle) van die duiwel wat vanuit alle rigtings kom.
5. Die **helm van verlossing** is vir ons redding en beskerm die kop (ons gedagtes) teen die aanvalle van die duiwel.
6. Die **swaard** is die enigste aanvalswapen maar hy werk! Die Woord van God (die Bybel wat jy lees) is al wat jy nodig het om die aanvalle van die duiwel teen te staan en ‘n teenaanval te loods (Sien Matthéüs 4:3-11). Ongelukkig is sommige mense se kennis van hoe om die swaard te gebruik, onvoldoende. Leer jou wapen ken en weet hoe en wanneer om dit te gebruik.

**WERKSTUK**

Voltooi die werkstuk. Lees eers die teksverwysings aan die linkerkant. Indien jy in enige van hierdie areas beskerming of verlossing nodig het, skryf jou gebed in die regterkant.

| **GOD SE WAPENUITRUSTING VIR MY (Efesiërs 6:10-20)** | **MY GEBED** |
|---|---|
| Helm van verlossing (Efesiërs 3:6) | |
| Borsharnas van Vryspraak (Efesiërs 5:3) | |
| Gordel van waarheid (Efesiërs 4:15,25) | |
| Skild van geloof (Efesiërs 3:20) | |
| Swaard van die Gees (Efesiërs 6:17) | |
| Skoene vir die evangelie van vrede (Efesiërs 4:3) | |



*Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.* – **Johannes 3:16**